Laerskool Stellenbosch

STREWE

Laerskool Stellenbosch streef na uitnemendheid op alle terreine van skoolaktiwiteite om gebalanseerde leerders vir die samelewing te ontwikkel. Die strewe na uitnemendheid vind plaas deur:

LEERDERS toe te rus met die vermoë tot selfstandige denke, lewensvaardighede, kommunikasievermoëns en kreatiwiteit vir die eise van ‘n voortdurend veranderende kennisgedrewe wêreld.

LEERKRAGTE wat die geskikte leeromgewing en geleenthede skep deur leerders te stimuleer en te bemagtig met kennis en die benutting daarvan, sodat leerders tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel.

OUERS wat in deelgenootskap met die skool aktief betrokke is by ‘n verskeidenheid van aktiwiteite en bydraes lewer sodat leerders en leerkragte op hulle take kan fokus.

SKOOLBELEID

Die opvoeding in die skool sal waarde-gedrewe wees. Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag van ons gelukkige skool-gemeenskap.

Die milieu waarbinne onderrig geskied, sal relevant wees tot die samelewing waarbinne die kinders hulle later as volwassenes moet handhaaf.

‘n Kultuur van leergewilligheid word nagestreef, waarbinne elkeen sy volle potensiaal kan ontwikkel.

Ons leerders, opvoeders, ander personeel en ouers tree altyd met lojaliteit op en skep sodoende tradisie en trots vir Laerskool Stellenbosch.

Die onderrig by ons skool geskied deur die taalmedium van Afrikaans.

Die skool bedien hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, die woongebiede in Stellenbosch bedien wat in die omgewing van die skool geleë is. Opvoedkundige kriteria is deurslaggewend by die bepaling van toelatingsbeleid.

'n Hoë standaard van onderrig, sportafrigting en die verskaffing van fasiliteite word gehandhaaf. Buitemuurse aktiwiteite van opvoedkundige waarde word aan leerders gebied.

Die skool voer sy taak in vennootskap met die ouers uit. Ouer-inspraak deur middel van 'n verkose beheerliggaam word deurgaans verseker.

Ouers verbind hulself daartoe om 'n toepaslike finansiële inset te maak ten einde dit vir die skool moontlik te maak om standaarde te handhaaf.

Eiendom en finansiële hulpbronne van die skool word in die beste belang van die leerders wat die skool bywoon, aangewend.

WAARDES

Voortreflikheid
Elke dag my beste.

Integriteit
My woord is my eer.

Respek
Gee om vir ander.

Verantwoordelikheid
Ek is aanspreeklik vir my dade.

Onvoorwaardelike aanvaarding
Ek is uniek.

Dienslewering
Help mekaar.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF